Saterdag 1 Augustus

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-10 (NAV)
Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:9

Lot – God spreek deur mense

Lot ... ’n eerbare man in ’n goddelose stad. Elke dag wat hy in Sodom en Gomorra tussen die goddelose mense gebly het, was dit vir hom ’n beproewing, omdat die mense daar nie die Here geken en Hom aanbid het nie. Ons lees in Genesis 18:20 dat hulle sonde baie groot was, en dan maak Petrus dit ook duidelik dat hierdie mense losbandig en sedeloos gelewe het (vs 7).

Ja, dit het só sleg gegaan in Sodom en Gomorra dat die Here besluit het om die stede te vernietig en die goddelose mense daarin te oordeel.

Tog, as Petrus vir Lot (sluier) as ’n eerbare man beskryf, moet hy ook saam met die god-delose mense vernietig word? Nee, in Genesis 19:16 lees ons dat die Here Hom oor Lot ontferm het en sy engele beveel het om Lot en sy familie aan die hand te gryp en uit die stad te red. Petrus skryf ook in vers 7: “En tog het Hy vir Lot gered, ’n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige lewenswyse van sedelose mense.”

As ons vandag na die wêreld rondom ons kyk, word ons nie ook maar soms so beproef nie? Is daar nie maar vandag ook mense wat hulle losbandig en sedeloos gedra nie? Ja, ons is ook soos Lot van ouds met goddelose mense omring, maar die vraag is: Gaan ons saam met hulle so goddeloos lewe, of gaan ons in geloof aan God vasgryp om die beproewing te weerstaan met die wete – die Here red? Ons lees immers in vers 9: “Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou.”

Kom ons dien die Here in dankbaarheid, omdat ons nuwe mense in Jesus Christus is. Dis Hy wat ons vir eens en altyd uit die mag van die sonde verlos het!

Sing: Psalm 116:1, 5 (1936)
Teologiese Student Daniël Maritz